No 1466 31 Maart 2019

GEMEENTEBRIEF

Gereformeerde Kerk Pretoria-Alkantrant
Leef vir God • Dien mekaar • Lig vir die wêreld

"Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem."
Kolossense 2:14

In die erediens

Baie welkom by vandag se erediens. Mag ons saam nader aan mekaar en aan die Here groei. Vanweë die skoolvakansie is daar vandag slegs een erediens. Vanoggend se diens word gelei deur Ds Nico Ligthelm.

Oggenddiens (09:00)

Skriflesing: Filippense 4:2-9
Fokus: Filippense 4:6a
Tema: Onbesorg leef

Preekskets:

Die GKSA is deur die Sinode opgeroep om vandag in die eredienste 'n dag van verootmoediging te hou. Daarom het ons die wonderlike teks uit Filippense 4 gekies.

Ons verootmoedig ons omdat daar in baie plekke droogte is…ons land geteister word deur korrupsie en bedrog…elkeen van ons leef in spanning oor inbrake, diefstal en aanranding…en een van die dae is daar 'n verkiesing waaroor ons spanning beleef. Met ander woorde: die mens is "besorg".

Daarteenoor sê die Here vir ons in ons teks:"Wees oor niks besorg nie". In diè preek gaan ons delf in die draagwydte van die woorde van ons God.

Ons sing saam:
Psalm 68-1:2 en 15
Skrifberyming 1-1:7
Psalm 135-1:1 en 3
Psalm 20-1:1,4 en 7
Psalm 98-2:1 en 3

Kollektes

Tydens erediens:
Diakonale kas

By die deure:
Vandag:
Kerkkas
Volgende week:
Emeritaatsfonds

Diensbeurt
Die kerkraadslede wat vandag aan diens is:

Ouderling:
Vakant
Diaken:
Suanita Bakker

Katkisasie toesig
Geen

Gemeentesake

Verjaardae

Baie geluk aan almal wat die komende week verjaar. Ons bid julle 'n geseënde en voorspoedige lewensjaar toe.

Sondag 31 Maart
Lezinda Badenhorst
082 558 5196
Stoffel Burger
072 458 2004

Maandag 1 April
Henk Badenhorst
082 497 7819
Rita van der Merwe
082 879 9048

Dinsdag 2 April
Bianca Breed
082 909 0879
Pearl Grobler
082 572 4995

Donderdag 4 April
Liesbet Kruger
060 997 6009
Louis van Wyk
082 332 5727

Saterdag 6 April
Danie Opperman
082 499 7050

Lief en leed

As daar seer/siekte/vreugde in die gesin is, deel dit asb. met ons sodat ons as gelowiges met mekaar kan meeleef.

Kontak asb. die kerkkantoor in die verband.

Kerkkantoor

Die kerkkantoor is gesluit vir die duur van die skoolvakansie maar u is steeds baie welkom om enige tyd vir sr Suanita telefonies of per e-pos te kontak by 065 912 5779 *of* kantoor@gk-alkantrant.co.za

Susters hoekie

Skinkbeurte

Die volgende skinkbeurt is Sondag 7 April en dit is dan die beurt van wyke B4, C2, D5, D9, D10

Koeksisters

Daar is weer heerlike vars koeksisters beskikbaar teen R30 per dosyn ten bate van die President Kruger Kinderhuis op Reddersburg. Baie dankie aan die koeksisterbrigade wat die afgelope week help bak het.

Ken-mekaar boekie

Die diakonie is besig met die samestelling van 'n opgedateerde ken-mekaar boekie. Ons versoek u om ons hierin by te staan deur fotos van u gesin per epos of whatsapp aan te stuur na die kantoor. Ons wil ook graag weet wie almal in u gesin is asook u kontakbesonderhede sodat ons terselfdertyd die gemeentedatabasis kan opdateer. Baie dankie aan almal wat alreeds vir ons fotos en inligting aangestuur het.

U kan enige navrae in die verband rig aan br JC Greyling (083 271-2358) of sr Suanita Bakker by die kantoor (065 912 5779) of kantoor@gk-alkantrant.co.za

DOPPERMARK 2019

Die Doppermark word beplan vir Saterdag, 20 Julie 2019, vanaf 10:00-14:00 op Pro Arte skool se sportgronde (oorkant die kerk). Daar heers groot opgewondenheid en die beplanning van die mark is sterk op dreef. Daar gaan weer twee tipe stalletjies, naamlik gemeente-gedrewe en eksterne stalletjies, aangebied word. Om hierdie rede sal die beplanningskomittee graag van 2018 se sameroepers wil hoor of hulle bereid is om weer as sameroepers van stalletjies op te tree. Sameroepers bevestig asb. u bereidwilligheid met Anri Kotzee of Ingrid du Preez of stuur 'n boodskap na 071 686 5111. Indien u van enige eksterne uitstaller weet wat belang sou stel om produkte by die Doppermark te koop aan te bied, laat weet ons ook asb.

Groei in die geloof…

Bybelstudie

Daar is eerskomende Dinsdag Bybelstudie om 16:00. Enige iemand is welkom om by ons aan te sluit.

Indien u die behoefte het om deel te word van 'n Bybelstudiegroep, maar die tye pas u nie, kontak gerus vir Ds. Dirk (079 305 3297) sodat hy u kan help om 'n Bybelstudiegroep te begin.

Saamlees reeks

Ons tema vir die jaar is: Terug na die Woord van God. Om hierdie tema hande en voete te gee, gaan ons elke week 5 tekste in die *Gemeentebrief* plaas vir huisgodsdiens/ Bybelstudie doeleindes. Die vyf tekste kom uit die E100 leesplan van die Bybelgenootskap. As alles goed verloop behoort ons aan die einde van volgende kwartaal minstens een keer deur die Bybel gelees het. Ds. Dirk sal elke week na aanleiding van die week se tekste, 'n preek voorberei vir die oggenddiens.

Tema vir week 12:

Ma.	Matteus 5:1-6:4	Die Bergrede Deel 1
Di.	Matteus 6:5-7:29	Die Bergrede Deel 2
Wo.	Matteus 13:1-58	Die koninkryk van die hemel
Do.	Lukas 10:25-37	Die barmhartige Samaritaan
Vr.	Lukas 15:1-32	Verlore en gevind

Gemeente dagboek

Vandag:

So.	31 Maart	09:00 Erediens gelei deur Ds Nico Ligthelm

Belangrike datums:

Di.	02 April	Skole open
		16:00 Bybelstudie
Ma.	15 April	19:00 Instandhoudingskommissie vergadering
Di.	16 April	19:00 Evangeliesasiekommissie vergadering
Wo.	17 April	19:00 Feeskommissie vergadering
Do.	18 April	19:00 Paasfees erediens Alkantrant
Vr.	19 April	Goeie Vrydag
Sa.	18 Mei	Potjiekoskompetisie
Sa.	20 Julie	Doppermark 2019

KONTAKBESONDERHEDE

Predikant:
Ds Dirk Kotzee: 012 346 2333 /
079 305 3297
dirk@gk-alkantrant.co.za

Skriba:
Robert Bakker: 082 322 3203
skriba@gk-alkantrant.co.za

Administratiewe beampte:
Suanita Bakker: 065 912 5779
kantoor@gk-alkantrant.co.za

Attes skriba:
Tjaart van der Walt:
083 303 1275, mwnts@mweb.co.za

Kassier:
Johan Erasmus:
084 800 1772, johan@ebhub.co.za

Diakonie voorsitter:
Danie Dreyer: 082 844 6870
danie@marketingss.co.za
Diakonie kassier:
Geert de Jong: 084 686 9161
gdejong@lantic.net
Diakonie bankbesonderhede:
Diakonie Gereformeerde Kerk Alkantrant
ABSA Rekeningnommer:
540 280 339
Takkode: 335-545

Posadres:
Posbus 92,
Newlands,
0049

Like us on Facebook

Webtuiste:
www.gk-alkantrant.co.za